

25 April

**Skrifgedeelte: Spreuke 14:2, 8**

**Fokusgedeelte: Spreuke 14:2, 8**

### **Die regte pad**

Ons staan nie stil in die lewe nie. Ons is almal reisigers op pad na die ewige lewe wat vir ons in Christus verwerf is. Hierdie bedeling en hierdie bestaan van ons is nie al wat daar vir ons is nie. Ons is op trek deur die lewe om eindelijk die vaste woning wat ons Here Jesus vir ons berei het, in besit te neem (Joh. 14:1). Tog is ons nog nie daar nie, ons is steeds op pad.

In die Skrif word die tema van die gelowige se reis regdeur die Ou en die Nuwe Testament vir ons beskryf. Abram word na 'n vreemde land geroep waarin hy rondtrek, Israel trek vir 40 jaar deur die woestyn en eindelijk sien ons Christus wat rondswerf en die evangelie van die koninkryk verkondig. Vandag is ons lewe ook 'n rondswerf-bestaan, op pad na die heerlike woning by God. Maar om daar uit te kom, moet ons die regte pad bewandel.

Spreuke 14 gee vir ons aanwysings na die regte lewenswandel op ons lewenspad. Die een wat sy lewenswandel in opregtheid aanpak, vrees die Here met 'n heilige ontsag, maar die onregverdige verag die weg van die Here en val by die spotters en goddeloses vas (Ps. 1). Christus is die vervulling van die wysheid van God wat ons in ons lewenswandel rig. Hy is die weg en die waarheid en sonder Hom kan ons nie tot die Vader kom nie. Sonder Hom kan ons nie in gemeenskap met die Vader leef nie.

Ons moet daarom onself voortdurend ondersoek en ons lewenswandel aan die Woord van die Here meet. Is ons op koers in Christus deur die wegwysers van die Heilige Gees na die ware gemeenskap met die Vader of staan ons stil in hierdie lewe? Is ons lewenswandel 'n getuienis daarvan dat ons in die wysheid van Christus wandel om die einddoel te bereik, of is dit 'n getuienis van die dwaasheid van die wêreld? Mag ons in hierdie dag die wysheid van God ontvang om in sy Weg te wandel.

Sing: Psalm 1:1, 2 (Totius)

Ds. C Jooste (Wonderboompoort)